

Sterk punte

Oor die algemeen was die teorievraestel 'n verbetering op dié van verlede jaar. Dit was baie bemoedigend dat kandidate gepoog het om al die vrae te beantwoord. Dit wil ook voorkom asof die rubriek wat as riglyn gedien het, aan kandidate die nodige ondersteuning gebied het.

Vraag 1 en 2, waar kandidate hulle kennis moes toepas of waar hulle oor eie ervaring (soos die beplanning van choreografie) moes skryf, is goed beantwoord, baie beter as verlede jaar. Sommige kandidate het baie kreatiwiteit en 'n grondige kennis getoon. Sommige kandidate die vrae logies en samehangend uiteengesit.

Maartsoorttekens en notasie het ook 'n groot verbetering getoon. Die meeste kandidate kon die spiere en aksies identifiseer.

Swak punte

Sommige kandidate het meer oefening nodig in die ontwerp van realistiese projekte soos Vraag 1 bewys het.

In sommige gevalle het antwoorde op vraag 3, oor inheemse dans, 'n gebrek aan diepte met betrekking tot die kulturele betekenis van die dansvorms wat hulle geleer het, getoon.

Hoë vlakke van evaluering en kreatiwiteit is selde bereik.

Kandidate kon kennis herroep, maar het gesukkel om dit toe te pas. Byvoorbeeld, in vraag 4 waar hulle oor die kostuums, beligting en musiek kon skryf, was hulle nie in staat om te ontleed of dit aan die simboliek te koppel nie.

In vraag 5 was die meeste kandidate was nie in staat om die twee choreograwe te vergelyk nie.

In Vraag 8 kon kandidate oor die algemeen nie enkelvoudige en saamgestelde tyd bespreek nie en het kennis van die musiekterminologie ontbreek.

Vraag 11, waar kandidate die postuur in hulle eie gekose dansvorm moes bespreek, is swak beantwoord.

In vraag 13.2 kon die meeste kandidate nie verduidelik hoe swak tegniek 'n kniebesering kan veroorsaak nie.

Voorstelle

Kandidate moet aangemoedig word om in die opsteltipevrae meer breedvoerig te skryf en te **bespreek** eerder as om bloot inligting te herroep.

Onderwysers moet kandidate se aandag vestig op wat van hulle verwag word as hulle gevra word om te verduidelik, te bespreek of te ontleed. Hulle moet ook kandidate uitdaag om hulle hoër kognitiewe vaardighede te gebruik.

Graad 10- en 11-werk, bv. voeding, die beenstelsel en gewigte, en bewegings en beginsels van die dansvorm moet hersien word en daagliks in die praktyk toegepas word.